
# 29 Bly by my, Heer, terwyl die skadu's daal




My lewensdag begin alreeds te kwyn, sy vreugde en sy glans sal haas verdwyn;
verand'ring en bederf is rondom my - o, Heer, wat nooit verander, bly by my!

Ek vra nie net 'n enkel woord, o Heer, maar, soos met u dissipels van weleer,
dat U geduldig, minsaam ook by my sal inkom en vertoef, en by my bly!

O, kom tog nie met majesteit en skrik, maar met u vrede en liefde wat verkwik;
kom met u hart vol tere medely - kom so, o Sondaarsvriend, en bly by my!

U bystand het ek nodig elke uur; slegs deur u liefde kan ek als verduur.
Waar is 'n beter gids om my te lei? Deur wolk en sonskyn, Heer, o by bly my!

Ek vrees geen kwaad, met U tot hulp bereid, sorg baar geen angs, die traan geen bitterheid,
dood het geen angel, graf geen skrik vir my - ek seëvier, want Heer, U bly by my!

Hou dan u kruis, Heer, voor my sterwend oog, skyn deur die skemer, wys my na omhoog.
Reeds daag die lig, van aardse skadu's vry - deur dood en lewe, Heer, o bly by my!!

Henry F. Lyte (1793-1847) W. H. Monk (1823-89)